


Geskiedenis van ru-oliepryse (gemeet in huidige VS\$/per vat)




Sanksies teen Rusland

Lande wat sanksies teen Rusland ingestel het

Sedert 22 Februarie


- Switserland (868)
- Frankryk (696)
- Australië (562)
- VK (861)
- VS (690)
- Japan (194)
- EU (705)
- Kanada (686)



Sanksies teen Rusland volgens soort


Sedert 22 Februarie

- Individueel (4 566)
- Entiteit (685)
- Lugvaartuig (3)
- Vaartuig (8)




Totale sanksies teen Rusland volgens bron

VS, Kanada, Switserland, VK, EU, Frankryk, Australië, Japan



Rusland is nou die land teen wie die meeste sanksies ter wêreld ingestel is

Voor Februarie 2022, Sedert Februarie 2022



Ekonomieë in 'n flits

Maart 2022

Raming 2022:

BBP: 3.3%

Inflasie: 4.3%

Raming 2023:

BBP: 2.3%

Inflasie: 2.5%

Eurosone

Die Europese Sentrale Bank (ESB) het erken dat die Russiese inval van Oekraïne 'n keerpunt vir Europa is. Die ESB het finansiële markte verras deur aan te kondig dat aankope van effekte eerder vroeër as later gestaak sal word, selfs teen die einde van die derde kwartaal. Die ESB-president het aangedui dat enige aanpassing van rentekoerse eers sal plaasvind 'enige tyd ná die einde van ons netto aankope onder die Bateaankepeprogram en dit sal geleidelik gebeur'. Die ESB het sy groeiskatting vir 2022 van 4.2% tot 3.7% aangepas en uitgelig dat dit so laag as 2.5% in ongunstiger tye kan daal en tot 2.3% in baie ongunstige tye. Dit is gegrond op strenger sanksies teen Rusland, 'n afname in energieverskaffing en die herprysing van finansiële markte. Die bank het ook sy inflasiëskatting aangepas van 3.2% tot 5.1% en uitgelig dat inflasie vanjaar 'n gemiddeld van 5.9% kan beloop in ongunstiger tye en 7.1% op sy ergste, wanneer die uitwerking van die tweede rondte groter is.

Raming 2022:

BBP: 3.8%

Inflasie: 6.7%

Raming 2023:

BBP: 1.4%

Inflasie: 3%

Japan

Ten spyte van premier Fumio Kishida se groter as verwagte aansporingspakket van ¥56 triljoen, is gevra vir nóg fiskale steun. Die ekonomie het strenger COVID-19-beperkings beleef om die uitbreking van Omicron begin vanjaar te beheer, maar die aantal infeksies het onlangs tot 27% van die huidige piek afgeneem. Intussen neem druk op verbruik toe weens hoër nutsrekeninge bo en behalwe die skerpste styging in brandstofpryse in Japan in meer as 40 jaar. Op die koersbepalingsvergadering in Januarie 2022, het die Bank van Japan voorspel dat groei gemiddeld op 2.6% vir die volgende drie fiskale jare te staan sal kom en geraam dat inflasie oor dieselfde tydperk gemiddeld 0.7% sal beloop. Looninflasie behoort ook gedemp te wees met die klem op bestendigheid van indiensneming wat belangriker as loonstygings sal wees en die aantal werkure wat steeds op laer vlakke as voor die pandemie is.

VSA

In 'n verklaring van die Federale Opemerkkomitee in Maart 2022 het die Verenigde State (VS) se Federale Reserweraad (Fed) genoem dat die inval van Oekraïne deur Rusland waarskynlik hoër inflasie en minder groei tot gevolg sal hê. Die Fed het sy gemiddelde groeiskatting vir vanjaar van 4% tot 2.8% afwaarts aangepas, maar het 2023 en 2024 se ramings onveranderd op onderskeidelik 2.2% en 2% gelaat. Die Fed verwag dat die uitwerking op inflasie langer sal duur en het die gemiddelde kerninflasiëskatting van 2.7% tot 4.1% opwaarts vir vanjaar aangepas, van 2.3% tot 2.6% vir volgende jaar en van 2.1% tot 2.3% in 2024. Met dié hersienings het die Fed se gemiddelde geskatte beleidsroete van 0.9% tot 1.9% vir einde vanjaar opgeskuif. Die langertermynraming het egter van 2.5% tot 2.4% gesak. Bloomberg se gemiddelde konsensus verwag 'n laer koers van 1.6% teen einde vanjaar ten spyte van 'n hoër as verwagte inflasiegemiddeld van 4.4%.

Raming 2022:

BBP: 2.7%

Inflasie: 6%

Raming 2023:

BBP: 2.1%

Inflasie: 2.1%

Verenigde Koninkryk

Die Bank van Engeland (BVE) het gemaan dat die styging in die pryse van energie en grondstowwe erger in Europa gevoel sal word weens die afhanklikheid van Russiese gas en die versplintering van die globale mark. Die BVE het ook sy kommer uitgespreek oor die uitwerking van hoër pryse op reële inkomstes en die beleidsuitdagings wat dit vir sentrale banke kan oplewer. Hoër inflasieverwagtings en groter, bespeurde risiko's van volgehoue inflasie het bogemiddelde inflasievergoedingsmaatreëls oor die medium termyn tot gevolg. Die Markdeelnemersopname vir Maart 2022 het getoon dat respondente verwag dat die monetêre beleidsiklus op 2% te staan sal kom gegrond op die gemiddelde verwagting (van 1.5% in die Februarie-opname). Die gemiddelde konsensus van Bloomberg verwag dat rentekoerse einde vanjaar op 1.2% te staan sal kom en volgende jaar op 1.5% ten spyte dat groeivoorsigte met 0.75% vir vanjaar verlaag is en 0.4% vir volgende jaar.

Raming 2022:

BBP: 2.4%

Inflasie: 1.3%

Raming 2023:

BBP: 1.6%

Inflasie: 1%

China

China het dringende sake wat op eie bodem sy aandag verg. Die land ervaar die hoogste aantal COVID-19-gevalle sedert die eerste weke van die pandemie. Hoewel President Xi Jinping beweer het dat die regering onderbrekings in die ekonomie sal beperk terwyl die land sy zero-COVID-strategie nastreef, het Sjanghai laat in Maart nog inperkings aangekondig. Buiten hernude kommer oor die virus, neem geldelike druk op die eiendomsektor toe. Die *Financial Times* het opgemerk dat die verspreiding tussen hoë-opbrengseffekte in die oorsese Chinese mark en staatseffekte gestyg het tot vlakke wat laas tydens die globale finansiële krisis ondervind is. Terselfertyd het *Bloomberg Intelligence* berig dat meer as die helfte van ontwikkelaarseffekte met rommelstatus teen minder as 50 sent verhandel. Met verbruik en eiendom wat lyk of dit die ergste getref is, sal beleidsmakers waarskynlik steeds die groeiteiken van 5% verdedig deur rentekoerse verder te sny.

Raming 2022:

BBP: 5%

Inflasie: 2.2%

Raming 2023:

BBP: 5.1%

Inflasie: 2%

Ontluikende markte

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het gemaak dat ontluikende markte (OM'e) die uitwerking van die oorlog tussen Rusland en Oekraïne op drie maniere sal voel. Eerstens, hoër kos- en energiepryse sal inflasie opjaag en verbruikers se koopkrag strem. Tweedens, nog ontwrigtings van aanbodkettings sal groei belemmer en inflasie-uitkomst verhoog. Laastens, onsekerheid onder beleggers kan veroorsaak dat hulle OM'e verlaat, wat op sy beurt tot strammer geldelike toestande kan lei. Na ons mening sal swakker globale groei 'n selfs meer uitdagende omgewing vir OM'e skep. Die IMF het opgemerk dat die jongste toename in geopolitieke konflik plaasvind juis nou dat talle OM'e minder beleidsruimte het om die nadelige uitwerking op groei te weerstaan en dit kan lei tot nog 'n styging in openbare skuld en groter sosio-ekonomiese druk. Hoewel nasies wat netto kommoditeitsuitvoerders is beter geplaas is, sal hoër kommoditeitspryse eksterne rekeninge van hulle benadeel en geldeenhede onder druk plaas.

Raming 2022:

BBP: 1.8%

Inflasie: 5.7%

Raming 2023:

BBP: 1.8%

Inflasie: 4.5%

Suid-Afrika

Gegewe dat regstreekse handelsooreenkomste met Rusland en Oekraïne beperk is, is die grootste rede tot kommer waarskynlik kommoditeitspryse. Met die styging van Suid-Afrika (SA) se uitgevoerde kommoditeitspryse wat die styging in internasionale oliepryse oorskry, het die verwagting van SA se balans op die lopende rekening verbeter. Die rand het verder goed gevaar vanweë betekenisvolle invloeiing na die aandelemarkte. Lae betamarkte met betreklik minder politieke gevare en hoër beleidsgeloofwaardigheid het voordeel getrek uit die uitsluiting van Rusland uit die MSCI EM Indeks en uitvloeiings van Turkye ná swak besluitneming oor monetêre beleid. Hoër oliepryse sal nietemin inflasie in SA laat styg. Reuters se gemiddelde konsensusvooruitskating vir inflasie vanjaar het van 4.8% in Januarie tot 5.5% in Maart gestyg. Intussen het die SA Reserwebank (SARB) sy inflasievooruitskating van 4.9% tot 5.8% aangepas. Ontleders verwag die styging in brandstofpryse sal koopkrag uitwis en het gevolglik hul mediaanverwagting vir groei vanjaar van 2% tot 1.9% aangepas. Daarenteen verwag die SARB dat hoër kommoditeitsuitvoerpryse vanjaar bedrywighede 'n hupstoot sal gee en het sy groei-vooruitskating van 1.7% tot 2% opgestoot. Ten spyte van dié skuif in vooruitskatings, plaas Reuters se mediaan-konsensus die verwagte rentekoerse op 4.75% teen einde vanjaar, terwyl die SARB se kwartaallike vooruitskattingsmodel 'n styging van sowat 5% wys. Albei vooruitsigte is heelwat laer as die rentekoersmarkte wat op 'n styging van nog 200 basispunte dui.

Die makro-navorsingspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonomiese, Sanisha Packirisamy, is verantwoordelik vir die makro-rammerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerdes, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborge van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konnaksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomstig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

Indekse vir Maart 2022

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
Aandele-indekse									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	0.01%	3.84%	18.61%	14.22%	11.85%	11.39%	9.87%	8.88%	11.94%
FTSE/JSE Aandeelhoudersgewegde-indeks (Swix)	1.35%	5.69%	12.95%	10.63%	7.98%	8.27%	7.12%	6.47%	10.74%
FTSE/JSE Bobeperte Swix-indeks	1.49%	6.72%	20.43%	11.92%	8.11%	8.10%	6.87%	6.26%	10.57%
FTSE/JSE Top 40-indeks	-0.81%	3.64%	17.56%	14.90%	12.65%	12.31%	10.29%	9.26%	12.19%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	6.28%	6.94%	26.04%	9.90%	6.32%	5.51%	5.92%	5.37%	9.40%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	4.82%	4.02%	36.50%	17.89%	8.17%	5.89%	7.11%	6.63%	11.14%
FTSE/JSE Hulpbronindeks	-1.05%	19.02%	32.67%	27.68%	31.03%	26.62%	24.91%	16.03%	10.04%
FTSE/JSE Finansiële-indeks	11.99%	20.28%	50.10%	8.17%	4.49%	6.98%	5.47%	4.56%	10.92%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	-4.29%	-13.11%	-2.72%	7.65%	4.68%	4.89%	4.07%	4.72%	11.34%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse									
40-indeks (Rafi)	0.45%	1.86%	12.37%	8.43%	7.17%	8.92%	9.27%	7.80%	8.15%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi	0.61%	1.27%	5.68%	7.47%	7.69%	8.08%	8.30%	7.90%	7.40%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)	-0.73%	0.21%	10.76%	7.08%	4.34%	4.97%	4.68%	4.80%	6.13%
FTSE/JSE Alle-eiendomsindeks (Alpi)	0.36%	1.03%	3.94%	5.23%	5.74%	6.08%	6.33%	6.37%	6.14%
Rentendraende-indekse									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	0.54%	4.12%	9.02%	8.75%	7.60%	8.91%	9.66%	7.65%	8.11%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	0.47%	0.97%	5.39%	7.53%	7.64%	8.09%	8.42%	7.84%	7.39%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)	2.13%	5.66%	12.25%	7.06%	5.70%	4.65%	4.97%	4.99%	6.34%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.32%	1.00%	3.89%	5.32%	5.80%	6.13%	6.37%	6.40%	6.15%
Kommoditeite									
NewGold Beursverhandelde Fonds	-4.20%	-2.17%	12.32%	14.29%	15.44%	10.75%	7.22%	9.68%	7.88%
Goudprys (in rand)	-3.97%	-3.25%	12.31%	14.54%	15.84%	11.57%	6.91%	10.04%	8.27%
Platinum Beursverhandelde Fonds	-11.92%	-6.08%	-18.78%	4.97%	6.50%	2.15%	-0.43%	0.15%	
Platinumprys (in rand)	-10.74%	-6.16%	-15.29%	5.76%	7.14%	2.66%	0.20%	0.64%	-0.86%
Wisselkoersbewegings									
Rand/euro bewegings	-6.12%	-10.21%	-6.21%	0.14%	2.80%	2.53%	-0.50%	3.24%	4.76%
Rand/dollar bewegings	-5.28%	-8.47%	-0.91%	0.45%	5.41%	1.75%	-0.07%	2.74%	6.67%
Inflasie-indeks									
Verbruikersprysindeks (VPI)			5.66%	4.36%	4.29%	4.24%	4.58%	4.92%	5.01%

Important notes

- Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
- Returns for periods exceeding one year are annualised.
- The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
- The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
- FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
- The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
- Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
- The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
- Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.